**Nuusbrief Augustus 2026**

BOTHA FAMILIE TERUGVOER – Augustus 2026

Vriende en Familie

As gesin kan ons maar net bly getuig van die Here se genade en goedheid oor ons familie. Met elke terugblik besef ons dat die Here getrou is, selfs wanneer dinge buite ons beheer voel. Een van



die grootste voorregte in ons lewens is steeds om Ouma en Oupa te wees. Ons geniet dit verskriklik en is elke dag dankbaar vir die geleentheid om Sion gereeld te sien. Hy is reeds 2 jaar en 5 maande oud, en dit is kosbaar om sy ontwikkeling saam te beleef. Dit herinner ons weer aan die belangrikheid van familie, prioriteite en die regte waardes en insette wat nodig is vir 'n kind se groei binne gesonde gemeenskappe. Dit gaan ook baie goed met ons volwasse kinders in hulle werk, waar hulle die Koninkryk verteenwoordig in elke pasiënt, kliënt en kollega wat hulle bedien.

NEOS Gemeente Ons aanbid steeds by NEOS

Gemeente en is betrokke by die Sendingkommissie en die Geloofsbelofte-offer. Daar is stadige groei in getalle by die gemeente, en ons is dankbaar vir die werk waarin die gemeente betrokke kan wees in die wêreld. Daar word weekliks gebid vir 'n aspek wat verskillende lande, sendelinge en projekte insluit. Die gemeente ondersteun sendelinge in twee geslote lande, sowel as werk in Suid-Afrika en 'n Bybelvertalings projek saam met Wycliffe.

The Way Christian School

Dit is reeds die tweede helfte van die tweede jaar vir Elize as hoof van die Hoërskool. Ons is baie dankbaar vir die afhandeling van die hersonerings proses van die skool, wat jare geneem en miljoene rande gekos het om aan die vereistes van die munisipaliteit te voldoen. Die proses met Umaluzi kan nou begin, en ons vra vir gebed dat dit vinnig afgehandel sal word. Die skool groei steeds, waarvoor ons groot dankbaarheid het, al bring dit unieke uitdagings mee. Meer personeel en leerders vra vir geestelike wysheid om hulle te begelei en te bestuur. Die leierskapprogram bly vir Elize 'n baie belangrike aspek om Gees-vervulde leiers op te lei wat hulle plek in die samelewing kan volstaan en 'n verskil in die wêreld kan maak.





INSERVE Navorsingsopleiding

Die uitbreiding van werk rondom opleiding het ons in kontak gebring met meer opleiers wêreldwyd en samewerking om materiaal saam te ontwikkel. Daar is 'n behoefte dat die opleiding verskillende vlakke aanspreek – van nasionale vlak tot plaaslike gemeenskapsvlak – met spesifieke voorbeelde en hulpbronne op elke vlak. Daar word gewerk aan die opdatering van die huidige materiaal, en AI help baie om prosesse vinniger en beter te doen, al is daar nog baie te leer oor die gebruik en aanwending van die metodes. Ons bly bid vir mense wat saam met ons kan hande vat in die opleiding van groepe en die doen van navorsing.



MANI (Movement for African National Initiatives)

Willie het van 7–14 Maart die MANI-konsultasie in Abidjan, Ivoorkus, bygewoon. INSERV is verantwoordelik vir die CAP (Country Assessment Process), wat fokus op die opdatering van volksgroep name en die identifisering van onbereikte groepe namens die netwerk. In Afrika is daar sowat 3 635 volksgroepe, waarvan 986 nog onbereik is.

Willie verteenwoordig MANI in gesprekke met organisasies soos Joshua Project, saam met wie ons al sowat 15 jaar werk om volksgroep data op die kontinent op te dateer. Hierdie jaar is die konferensie spesifiek in Franssprekend Wes-Afrika gehou, omdat daardie streek ’n besondere potensiaal en verantwoordelikheid het om die Evangelie na Noord-Afrika en die Midde-Ooste te neem. Die foto wys almal wat die konferensie bygewoon het, uit Afrika en die res van die wêreld.



CMIW (Community of Mission Information Workers)

Die afgelope drie jaar is Willie deel van ’n span wat ’n Globale Virtuele Navorsingskonferensie aanbied. Hierdie jaar het dit van 8–10 Junie plaasgevind. Opnames van vorige konferensies is beskikbaar op die YouTube-kanaal https://www.youtube.com/@cmiwglobal/playlists. Ongeveer 265 mense het hierdie jaar geregistreer, en sowat 100 het daagliks ingeskakel en deelgeneem. Op 2 September is daar ’n mini-aanbieding met die tema Unplugging the Gospel Pipeline.

Registrasie kan gedoen word by:

https://us02web.zoom.us/meeting/register/rjnU1c5lRTWZEQw2NbSMBg#/registration

Neighbours Projek

Ons werk hard aan die opdatering van die verspreiding van “Neighbours” se aanbiddingsplekke in Suid-Afrika. Daar is toenemende uitdagings in die groter streek van Suider-Afrika, en ons help veral Zambië, Malawi, Zimbabwe en Eswatini. Mosambiek is ook ’n fokus, al het ons nog nie veel daar begin doen nie. Daar word al meer hulpmiddels ontwikkel om mense betrokke te kry by die prosesse, wat heelwat leer verg om die tegnologie beter te verstaan en aan te wend.

Strategic Sending

Die afgelope twee jaar is Willie betrokke saam met ’n internasionale groep wat gemeentes help om strategies mense uit te stuur volgens die hulpbronne wat in ’n land en kerk beskikbaar is. Nehemia se strategie om die muur rondom Jerusalem te herbou, waar elke familie verantwoordelikheid neem vir die gedeelte voor sy huis, is die beste beskrywing van hierdie benadering.

Die uitgangspunt van "Die Hele Kerk wat die hele Boodskap na die hele wêreld moet neem" (Lausanne) is 'n baie vae konsep wat dit moeilik kan maak vir 'n gemeente om te bepaal waar om betrokke te raak. Volgens beskikbare data is daar nou riglyne om te help met daardie besluit. Daar is nog werk nodig, maar gaan kyk gerus na die kaart by hierdie adres: https://strategicsending.com/interactive-map/

Dankbaarheid

Ons dank die Here vir Sy getrouheid en die voorreg om betrokke te wees in soveel mense se lewens – nie net hier in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld. Baie dankie ook vir Vishoek se saamstap op hierdie pad.

Willie en Elize Botha